sapapers.co.za

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur — 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
   Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.

4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.

---

## AFDELING A LETTERKUNDE

### INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in Vraag 4** neer.

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

5. **Beplanning**

   5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.

   5.2 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

**VOORBEELD:**

| BEPLANNING | VRAAG |
|---|---|
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

***ASEM*** – Jan Vermeulen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, Asem.

## VRAAG 1 BARRIES SE LEWE IN JOHANNESBURG

1.1

> Op 'n rak agter hom sien hy sy … bekertjies. Teen die muur hang 'n hele paar … toekennings vir … en 'n hand vol medaljes vir …

[bl. 15]

1.1.1 Barries was vroeër 'n sportiewe seun. Noem enige twee sportsoorte waarin hy uitgeblink het. (2)

1.1.2 Watter negatiewe gewoonte het veroorsaak dat Barries met sport opgehou het? (1)

1.1.3 Watter ander negatiewe gevolg (behalwe sport) het hierdie gewoonte op Barries by die skool gehad? (1)

1.2

> "Ma gaan altyd aan oor niks en dit is irriterend."

[bl. 13]

1.2.1 Hoekom hou Vera nie van Barries se vriende nie? (1)

1.2.2 Watter rede voer Barries aan dat sy ma verkeerd is oor sy vriende? (1)

1.2.3 Volgens Floris, waarom sien sy ouers op Barries se soort huis neer? (1)

1.2.4 Waarom kan oom Charles nie vir Barries na die ongeluk help nie? (1)

1.2.5 Waarom wou die De Kock's so graag gehad het dat Barries na Paul toe moet gaan? (1)

1.3

> "Barries," sê Lizette toe hy ophou sing, "jy's nie die enigste een wie se pa nie meer by hulle bly nie. Ek ken hope ander mense wat in dieselfde bootjie as jy is."

[bl. 7]

1.3.1 Hoe probeer Lizette in die begin van die verhaal vir Barries oorreed om nie sy plan uit te voer nie? (1)

1.3.2 Om watter rede wil Barries wraak neem? (1)

1.3.3 (a) Wat het Barries gekoop om sy plan uit te voer? (1)

(b) Waarteen het die verkoper Barries gewaarsku? (1)

1.3.4 Waarom kan ons sê dat Barries se "Kersgeskenk" aan sy pa tot 'n mate geslaag het? (1)

1.3.5 Dink jy dat Barries aan die einde van die verhaal dieselfde oor Paul gevoel het as wat hy aan die begin gevoel het? Waarom sê jy so? (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 2 BELANGRIKE KARAKTERS IN BARRIES SE LEWE

2.1

> Dan kom die slonserige reus met lang, stadige tree op hulle afgestap. Hy het nerfaf stewels, vuil jeans en 'n vertorringde Billabong T-hemp aan. Jumbo Kruger … kon hierdie man se kleinboetie gewees het.

[bl. 63]

2.1.1 Wat is die man wat Barries in Humansdorp gaan haal het se naam en van? (1)

2.1.2 Waarom is bogenoemde man soos 'n broer vir Paul? (1)

2.1.3 Wat het gebeur dat hierdie man Barries op Kersdag met sy pylgeweer wou skiet? (1)

2.1.4 Hoe weet ons dat hierdie "slonserige reus" nie veel na sy meisie verlang het nadat sy weg is nie? (1)

2.2

> Dit is 'n warm somersnag maar die soutreën laat hoendervleis oor hom uitslaan. Dan hoor hy die hond se getjank onder in die sloep.

[bl. 104]

2.2.1 Barries is baie swak nadat Paul hom uit die see red. Hoe help Paul daarna vir Barries in sy poging (*effort*) om Jona te help? (1)

2.2.2 Na wie neem Paul en Barries Jona vir hulp? Gee haar naam en van. (1)

2.2.3 Barries het dringend geld nodig om vir Jona se behandeling te betaal. Wat verkoop Barries die eerste keer om geld te kry? (1)

2.2.4 Waarom kon Barries nie sy kitaar verkoop nie? (1)

IEB Copyright © 2023

2.3

> Die seun is kaalvoet, maar hy het nuwerige jeans aan wat by sy enkels omgevou is, en 'n denim-baadjie met 'n groot hippiekruis teen die rug. Die baadjie se moue is ook omgevou.
>
> Die seun vlieg vinnig soos 'n springbokkie weg. Barries voel 'n ysige lamheid deur sy lyf skiet.

[bl. 92]

Skryf 'n **paragraaf van tussen 80–120 woorde** oor die verhouding tussen Barries en die rondloper op Seeplaas.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wie is die seun wat Barries op die rotse met Barries se klere aan gesien het? (1)
- Waar het hy Barries se klere gekry? (1)
- Waarom het Barries die klere daar gelos? Noem enige twee redes. (2)
- Het Barries ooit sy klere teruggekry? Motiveer jou antwoord. (1)
- Hoe weet ons dat die twee seuns vier maande later vriende is? Gee twee bewyse. (2)

**[15]**

IEB Copyright © 2023

**VRAAG 3 DIALOOG (tydelik terug in Houghton)**

| |
|---|
| Die aand voor Vera uit die hospitaal ontslaan word, sit Barries en gesels met suster Kapoor. |

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Barries en Suster Kapoor**. Skryf SLEGS die **vraagnommer en Barries se woorde in jou Antwoordboek** neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Suster Kapoor: Ek verstaan nogsteeds nie wat die aand van die ongeluk gebeur het nie. Waarom het julle in die middel van die eksamen uitgegaan?

Barries: … (1)

3.2 Suster Kapoor: As ek reg verstaan het jy nog nie 'n lisensie of 'n voertuig nie. Het julle Uber geneem?

Barries: Nee, … (1)

3.3 Suster Kapoor: Wie het almal saam met jou, Lizette en die De Kock-broers gegaan?

Barries: … (1)

3.4 Suster Kapoor: Maar die meeste van julle is nog te jonk! By watter nagklubs kon julle inkom sonder identifikasie?

Barries: ... (2)

3.5 Suster Kapoor: Hoekom het julle nie by die twee nagklubs gebly nie? Waarom is julle daar uitgegooi?

Barries: … (2)

3.6 Suster Kapoor: Jou bloeduitslae wys dat jy 'n oordosis dwelms ingekry het. By wie het jy die dwelms gekoop?

Barries: … (1)

3.7 Suster Kapoor: Dis jammer, want ons almal se lewens het daardie aand verander. Jou ma sal byvoorbeeld nooit weer haarself kan help nie. Waar gaan jy hulp kry om jou ma te versorg?

Barries: … (1)

3.8 Suster Kapoor: Hoekom gaan hy vir jou ma se behandeling betaal?

Barries: ... (1)

IEB Copyright © 2023

3.9 Suster Kapoor: Hoe het jy geweet die hond wat jy uit die see gered het, behoort aan die Du Toit's?

Barries: … (1)

3.10 Suster Kapoor: Ek het vroeër gehoor die hond is siek. Wat is fout met hom?

Barries: … (1)

3.11 Suster Kapoor: Ek is jammer. Ek het nooit geweet dat honde ook die siekte kan kry nie. Waar bly die hond op die oomblik?

Barries: … (1)

3.12 Suster Kapoor: Waarom kan jou vriendin nie sonder die hond regkom nie?

Barries: … (1)

3.13 Suster Kapoor: Gaan jy ooit weer vir Bart sien?

Barries: Ja, Eunicé het belowe om … (1)

**[15]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 4 BARRIES SE OUERS

Barries se ouer-figure het 'n groot rol in sy lewe gespeel. Alhoewel dit nie altyd positief was nie, het dit Barries se toekoms bepaal.

**Opdrag:**

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **die invloed wat Barries se onderskeie "ouers" se doen en late (*actions*) op sy lewe gehad het.**

- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleiding en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

---

**1. Inleiding**

---

**2. Barries se biologiese Pa**

- Waar het Vera Barries se biologiese pa ontmoet? (1)
- Wat het hy aan Vera gedoen wat daartoe gelei het dat sy swanger geraak het met Barries? (1)

---

**3. Vera Nel/Barnard**

- Vera het nooit na die polisie gegaan nie. Noem twee redes waarom sy ook nie vir Paul die waarheid oor die swangerskap vertel het nie. (2)
- Hoe het Vera vir Barries teen Paul probeer beskerm nadat Paul die waarheid uitgevind het? (1)
- Hoe weet Barries dat Vera wel die handgemaakte kaartjies gepos het? (1)
- Waarom, dink jy, het Barries en Vera aan die begin van die verhaal nie 'n goeie verhouding gehad nie? Noem twee goed wat Barries gedoen het wat Vera ongelukkig gemaak het. (2)
- Dink jy dat Vera teen Barries se 17de verjaarsdag nog vir Paul omgee? Motiveer jou standpunt. (1)

---

IEB Copyright © 2023

## 4. Paul Barnard

- Wat het Paul aan die begin van die swangerskap gedink? (1)
- Waar was Vera en Paul toe hy uitgevind het dat Barries nie sy seun is nie? (1)
- Hoe het Paul se optrede oor die algemeen en teenoor Barries verander nadat hy uitgevind het Barries is nie sy kind nie? Noem twee goed. (2)
- Wie het Paul gehuur om Barries se biologiese pa op te spoor? (1)
- Waar het Paul Barries se biologiese pa raakgeloop en wat het daardie aand gebeur? (2)
- Die man is later dood. Noem twee maniere hoe Paul vir sy optrede betaal het. (2)
- Wat het Vera vir Barries oor Paul vertel wat dit duidelik maak dat Paul verander het? (1)
- Paul het vroeër jare ingenieurswese studeer. Wat doen Paul deesdae op Seeplaas om aan sy kreatiwiteit uiting te gee? (1)

## 5. Slot

**Assessering:** 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

**[25]**

**70 punte**

## AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.

2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.

3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

   - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
   - interpretasie van die opdrag;
   - inhoud en idees;
   - register en toon; asook
   - taalgebruik.

5. **Beplanning**

   Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

   5.1 Skryf die opskrif BEPLANNING boaan.

   5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

**VOORBEELD:**

| **BEPLANNING** | **VRAAG** |
| --- | --- |
|  |  |
| (linkerkantse bladsy) | (regterkantse bladsy) |

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 5 TOESPRAAK

**Situasie:**

Jou skool gaan in Januarie, op die dag wat die matriekpunte vrygestel word, 'n opedag hou. Voornemende graad 8-leerlinge wat graag in 2024 by jou skool wil skoolgaan, gaan die dag bywoon.

Jy was nog altyd baie trots op jou skool. Jy bied aan om die openingstoespraak by die opedag te lewer. Skryf dié toespraak wat jy die oggend tydens die opedag wil lewer.




[Bron: <www. https://www.istockphoto.com>]

**Opdrag:**

Skryf 'n toespraak van tussen 150 en 220 woorde waarin jy hulle:

- verwelkom by die opedag;
- vertel van jou **skool se prestasies** en waarom dit 'n goeie skool is;
- vertel wat jy die **meeste** van jou skool **geniet het**; en
- hulle **motiveer/aanmoedig** om by jou skool in te skryf.

**Instruksies:**

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande aspekte indeel.
- Jou artikel moet ook 'n **inleidings- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou toespraak moet **tussen 150–220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou artikel neer.**

**[20]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 6 ADVERTENSIE

**Situasie:**

Jy skryf vandag jou laaste vak. Ongelukkig kan jy nie weggaan vir die matriekvakansie nie. Jy wil baie graag vakansiewerk doen, maar was tot nou toe onsuksesvol. Stel 'n advertensie saam wat in die plaaslike koerantjie gaan verskyn waarin jy jou vaardighede/dienste (bv. huis oppas, karwas, boeke oortrek, kinders oppas, tutor, koerante aflewer, ens.) adverteer.

**Opdrag:**

Skryf 'n advertensie van 60–100 woorde waarin jy die volgende inligting gee:

- adverteer/vertel van jou vaardighede of die dienste wat jy lewer;
- hoeveel dit sal kos; en
- waar hulle jou kan kontak.

**Instruksies:**

- Die inhoud van jou advertensie moet **tussen 60–100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou advertensie neer.**

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2023